# DIE SKIETLOOD

180ste Uitgawe 17 Julie 2020
saam met Koersvas 180

## Die Dordtse Leerreëls

**Eerste hoof leerstuk; aangaande die Goddelike predestinasie**

**<u>Artikel 7</u>**

Dit is onvermydelik om tot die gevolgtrekking te kom dat die filosofie van die tyd die besprekings, besluite en formulering van besluite, beïnvloed. Net so is dit onvermydelik dat eietydse denke en filosofiese strominge gaan inspeel op die interpretasie van die Dordtse leerreëls. Die Dordtse leerreëls is op hulle beurt 'n interpretasie van dit wat hulle in die Skrif teruggevind het. Enige gesprek met die inhoud van die Dordtse leerreëls moet derhalwe 'n komplekse gesprek wees wat 'n veelheid veranderlikes moet verdiskonteer. Vooroordele, Skrif-verstaan, filosofiese onderbou, wel-willendheid of kwaadwilligheid jeens die opstellers en taalvoorkeure is enkele van die faktore wat inspeel op die kommentaar wat enige persoon lewer.

Die gevaar bestaan altyd dat filosofiese oorwegings die teologiese gesprek kan oorheers. Getrou aan die Reformatoriese tradisie kan dit nie anders nie as dat die Bybel die eerste en die laaste woord sal hê, die eerste en die laaste Woord sal wees.

Hierdie kommentaar verteenwoordig 'n welwillendheid, gewoon omdat dit "kommentaar" en nie "kritiek" genoem word nie. Dit sluit nie die moontlikheid van kritiek uit nie, dit impliseer net dat die basis vir gesprek instemmend van aard is. Predikante onderteken inderdaad die drie Formuliere van Eenheid (Nederlandse Geloofs-belydenis, Heidelbergse kategismus en die Dordtse leerreëls). Ons sigbare en onbekende vooronderstellings en eie verwysingsraamwerk is van groot belang by die interpretasie van Artikel sewe - en verder - van die eerste leerstuk. 'n Opneem van die woorde, sonder om 'n eie inhoud daaraan te gee, kan in enige gelowige se denke tot verskeie doodloopstrate lei.

<u>God en Tyd</u>

Daar is reeds verskeie verwysings gemaak na die komplekse aard van tyd (en ruimte). Hier moet op daardie opmerkings uitgebrei word om die verskil tussen tyd en tydloosheid duidelik te maak. Tyd is op sigself multi-dimensioneel; verbind aan ruimte, verbind aan potensiaal, dikwels liniêr verstaan. In die interpretasie van die Dordtse leerreëls is dit belangrik om die opstellers se verstaan raak te sien; eers dan kan die kerngedagte eietyds verwoord word met gebruikmaking van 'n nuwe verstaan van tyd. Die ideaal is om by die kern van die saak uit te kom en daardie gedagte te verwoord, nie net na te praat nie. Dit moet teologies gedoen word en nie filosofies nie; die filosofiese raamwerk en taalpatrone moet die teologie dien.

Tydloosheid is 'n abstrakte konsep wat onbereikbaar is vir volle begrip. Ons is so vasgevang in tyd dat ons nie die

begrip van 'n bestaan buite tyd ten volle kan verstaan nie, wat nog te sê dit toereikend verwoord! Ons kan nie eens in positiewe terme die konsep verhelder nie; ons is aangewese op negatiewe terme. Tog is dit wat hier op die spel is; tyd-ruimte teenoor 'n bestaan los en buite tyd-ruimte. Dit is 'n bestaan waar tyd geen rol speel nie. Dit is 'n bestaan wat nie aan ruimte gekoppel is nie. Dit is een aspek van God se bestaan. Ons kan net werk met dit wat ons in die Bybel terugvind. God se bestaan buite tyd word in tyd-woorde aangedui soos byvoorbeeld "ewigheid". God se bestaan buite tyd word implisiet gestel in byvoorbeeld "in die begin". Wanneer daar dan verwys word na "voor die skepping" is daar 'n paar interpretasies moontlik, waarvan die twee mees voor die hand liggende die bestaan as liniêre verlenging die verlede in, of die bestaan buite tyd is. Taalpatrone word belangrik; daarsonder gaan verwarring en vaagheid die gesprek in die sand in lei. Ons moet ook erken dat die mensdom se verstaan van tyd weer kan verander en dat volgende geslagte dieselfde konsep anders sal moet verwoord. Daarmee word impliseer dat die kernboodskap van die Dordtse leerreëls deur opeenvolgende geslagte begryp en eietyds verwoord kan word.

<u>God-in-dekreet teenoor God-in-Christus</u>.

Die onderskeid tussen hierdie twee begrippe is 'n verdere noodsaaklike sleutel tot die goeie verstaan van die teologie wat verwoord word. Dit is moontlik om die Dordtse leerreëls so te verstaan as dat God sekere dekrete uitgevaardig het en dat hierdie dekrete nie deur God verander kan/sal word nie. Die implikasie van sodanige benadering is fatalisme, determinisme en bo al die gedagte dat God aan Sy dekrete onderworpe is; deur Sy eie dekrete gevangene gehou word. Dit is 'n interpretasie wat kettery aan die hand werk, dit is 'n interpretasie wat nie deur die Bybel ondersteun word nie; in kort, is dit 'n filosofiese interpretasie van die konsepte. Dit is immers in die filosofiese dampkring wat daar sistematies geslote sisteme geformuleer kan word. God van die dekreet is in hierdie denkraamwerk, net soos die dekreet, onveranderlik. God word dan gevangene van ons definisie of die dekreet; dit is tog nie hoe ons God in die Bybel leer ken nie.

Die Bybel is die woord van God wat die Woord van God na ons toe bring. Anders gestel; die Bybel vertel ons dat ons God in Christus ontmoet. Ons kan God nie anders leer ken as deur die Bybel nie, dit beteken nie anders as deur Christus nie. In Christus het die volle openbaring van God plaasgevind. Die Ou Testament verkondig die koms van die Belofte, die Nuwe Testament vertel van die Vervulling en finale openbaring. Dit beteken dat ons enige leerstuk vanuit daardie perspektief moet benader. Die uitverkiesing is nie 'n dekreet wat selfstandig verstaan mag word nie. Die uitverkiesing maak sin in Christus; moet in die lig van Christus se heilswerk verstaan word.

Dit beteken dat enige verstaan van die uitverkiesing as 'n onafhanklike dekreet wat mens en God onlosmaaklik van alle ewigheid bind, nie 'n houdbare konsep is in Bybelse teologie nie. Die regte

volgorde is van groot belang: Ons verstaan die uitverkiesing aan die hand van die koms van Christus, nie die koms van Christus aan die hand van die uitverkiesing nie. Christus is sentraal, Sy koms is die sleutel tot die verstaan van ander leerstukke.

Hierdie uitgebreide voorwoord is belangrik omdat Artikel 7 die werkbare / werkende definisie bied van die opstellers se verstaan van uitverkiesing. Hierdie artikel moet reg verstaan word; dit bied die sleutel tot interpretasie van wat volg. Die uitverkiesingsleer moet vanuit God-in-Christus interpreteer word.

<u>*Teks van Artikel 7:*</u> *Hierdie uitverkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God. Daarvolgens het Hy nog voor die skepping 'n sekere aantal mense uit die hele menslike geslag uitverkies. Hierdie menslike geslag het deur hulle eie skuld van hulle oorspronklike ongeskondenheid in sonde en verderf verval. Die uitverkorenes is dus nie beter of waardiger as die ander nie, maar verkeer saam met die ander in die gemeenskaplike ellende. Nogtans het Hy hulle, uit volkome vrye welbehae van sy wil en uit louter genade, tot die saligheid in Christus uitverkies. God het Christus ook van ewigheid af tot Middelaar en Hoof van al die uitverkorenes en tot Fondament van die saligheid gestel. So het Hy ook besluit om die uitverkorenes aan Christus te gee om hulle salig te maak. Deur sy Woord en Gees roep en trek God die uitverkorenes kragdadiglik tot gemeenskap met Hom. Hy het dus besluit om aan die uitverkorenes die ware geloof in Christus te gee, hulle te regverdig en te heilig en om hulle, wat kragtig in die gemeenskap van sy Seun bewaar word, uiteindelik as bewys van sy barmhartigheid en tot lof van sy oorvloedige en heerlike genade te verheerlik.*

*Soos geskrywe is: In Christus het God ons uitverkies voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons vir sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, tot lof van die heerlikheid van sy genade waarmee Hy ons begenadig het in die Geliefde (Efesiërs 1:4,5,6); en elders: Die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik (Romeine 8:30).*

Daar is verskeie sake wat in hierdie artikel gestel word:
1 . Die uitverkiesing het "nog voor die skepping" plaasgevind. Dit verwys daarna dat die uitverkiesing nie kousaal in tyd terug gevind moet word nie. God se besluit is buite tyd geneem, nie na aanleiding van iets wat in tyd en ruimte gebeur het nie. Daar is met ander woord geen kousale lyn wat getrek kan word van iets wat hier gebeur het, na 'n besluit wat God geneem het nie. God se besluit, buite tyd, kom tot uitvoering in tyd en ruimte, Sy besluit bepaal die verloop van die heilsgeskiedenis.

2. Die uitverkiesing het plaasgevind op grond van wie en wat God is. Die rede vir God se besluit is opgesluit in Sy

onkenbare raadsplan. Wat ons wel weet is dat God op grond van Sy genade mense verkies het tot saligheid. Daar is geen inherente eienskappe of prestasies wat aan die uitverkorenes toegedig kan word, wat hulle die ewigheid waardig sal maak nie. God se wil red ons, geen menslike eienskap of prestasie is betrokke nie.

3. Daar is 'n sekere aantal mense uit die ganse verlore mensdom uitverkies. Die uitverkiesing loop met ander woorde nie uit op 'n algehele amnestie vir alle mense nie. Die mensdom is vasgevang in die sonde en verderf, 'n toestand wat in regverdigheid so gelaat kan word. Tog het God besluit om 'n sekere getal te begenadig.

4. Geen van die mense wat die saligheid sal ingaan, het besondere kwaliteite nie. Alle mense is tot die verderf bestem, God red 'n sekere getal uit louter genade. Geen eienskap moet in die mense wat gered is, gesoek word nie. Dit is God wat tot geloof roep en heilig, nie mense wat heilig word nie. Ons moet geen menslike inisiatief in die uitverkiesing inlees nie.

5. God het dit in Christus gedoen. Hierdie is die sleutel tot die verstaan van hierdie artikel. God het ons in Christus uitverkies. Hierdie sin impliseer dat ons geensins op onsself mag fokus nie. Die uitverkiesing het in Christus plaasgevind, nie deur mense se gehoor-saamheid of geloof nie. God het gekies om mense voor Sy troon te bring in Sy Seun. Die aanhaling uit Efesiërs 1 is van groot belang. Die vele herhalings van "Christus" maak dit duidelik dat die uitverkiesing net in terme van Christus interpreteer moet word.

Hoeveel mense is gered, hoeveel mense is uitverkies? Die antwoord is in Christus te vinde. Diegene wat in Christus is, is die uitverkorenes. God toon Sy genade in Christus, Hy toon Sy heerlikheid in Christus. Diegene wat in gesprekke oor getalle betrokke wil raak, mis die punt. Diegene wat in die mens en sy wese iets wil vind om te dien as aanduiding van prestasie of rede vir uitverkiesing mis die punt. God red in genade in Christus. Christus is die middelpunt.

Volgende uitgawe Artikel 8 en volgende Artikels.